Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge

BRIDGE THE GAP
ANNUAL FUND

#MOVE 4 FOOD

- impakverslag 2022

(April 2021 – Mei 2022)

forward together · sonke siya phambili · saam vorentoe

Gegewe ’n groter bewustheid van die behoefte aan voedselsteun onder ons studentebevolking het ons in 2018 ons #Move4Food-veldtog van stapel gestuur.

Inhoud

2 'n Boodskap van ons Senior Direkteur

3 Voedselonsekerheid: 'n Nasionale krisis

4 #Move4Food: Die aanpak van voedselonsekerheid by die US

6 #Move4Food: Ons fondsinsamelingspogings

8 #Move4Food: U ruimhartigheid in getalle

10 Maak 'n verskil, ondersteun #Move4Food!

’n Boodskap van ons Senior Direkteur

Namate die lewe stadig na die normaal voor die pandemie terugkeer, worstel ons steeds met die somber uitwerking wat die pandemie op ons lewe en ons lewensbestaan gehad het. By die Universiteit Stellenbosch werk ons hard daaraan om te verseker dat ons akademiese projek op koers bly en dat ons studente al die steun ontvang sodat hul tyd by ons Universiteit suksesvol kan verloop.

Die pandemie en ander wêreldwye gebeure het die bestaande sosiale ongelykhede onder SuidAfrikaners vererger, wingesluit werkloosheid en honger.

By die Universiteit Stellenbosch het ons die negatiewe sosio-ekonomiese uitwerking op ons studentegemeenskap aanskou. Honger en voedselonsekerheid onder studente het die afgelope twee jaar geweldig op ons kampusse toegeneem. Deur die ruimhartige steun van ons skenkers en vriende – wat ons gehelp het om tot dusver meer as R2 miljoen in te samel – kon ons egter ’n mate van verligting vir ons studente bied en volhoubare oplossings probeer vind om voedselsekerheid vir al ons studente te verseker.

Die Universiteit is daartoe verbind om van die grootste uitdagings aan te pak wat ons wêreldwye samelewing in die gesig staar, terwyl dit die beste opvoedkundige ervaring vir al ons studente wil bied sodat hulle binne en buite die klaskamer kan floreer. U ruimhartige en volgehoue ondersteuning help ons om hierdie visie en toewyding aan ons studente te verwesenlik. — Dankie!

Karen

Karen Bruns
Senior Direkteur: Ontwikkeling
en Alumni-betrekkinge

Voedselonsekerheid: ’n Nasionale krisis

Die Covid19pandemie het ernstige gevolge vir die wêreldekonomie gehad, met toenemende voedselonsekerheid en armoede. Suid-Afrika het dit ongelukkig nie gespaar gebly nie en pogings wat aangewend is om die Nasionale Ontwikkelingsplan se doelwitte en die Verenigde Nasies se Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD’s) van “Geen honger nie” teen 2030 te bereik, is aansienlik bemoeilik. Volgens ’n verslag van Statistieke Suid-Afrika wat in Maart 2022 gepubliseer is, het bykans 23,6% SuidAfrikaners in 2020 matige tot ernstige voedselonsekerheid ervaar, terwyl 14,9% ernstige voedselonsekerheid ervaar het.

Nog ’n verslag wat in 2021 gepubliseer is, die Integrated Food Security Phase Classification-verslag deur die IPC Global Platform – ’n organisasie wat voedselsekerheid in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap ontleed – raam dat 11,8 miljoen mense in Suid-Afrika teen Maart 2021 honger op ’n krisisvlak ervaar het.

Hierdie skokkende syfers, tesame met ’n werkloosheidsyfer van bykans 35% en ongeveer 46% SuidAfrikaners wat die een of ander vorm van maatskaplike toelae ontvang, skets ’n kommerwekkende prentjie en weerspieël die ernstige situasie wat vele mense in ons land in die gesig staar. Drastiese stygings in voedselpryse, asook brandstof- en elektrisiteitskoste, vererger die situasie, wat beteken dat al hoe meer mense honger ly, ingesluit vele universiteitstudente.

Daar word dikwels aanvaar dat indien studente via die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente (NSFAS) ondersteuning ontvang, daar na hul finansiële welstand, onder meer hul voedselsekuriteit, omgesien word. Die befondsing wat ontvang word, is egter dikwels nie genoeg nie of dit bereik studente te laat in die akademiese jaar, wat beteken dat hulle kan honger ly. ’n Brose ekonomiese omgewing wat vererger word deur voortdurende stygings in voedselpryse, brandstof, huur en die algemene lewenskoste, plaas vele van ons studente in ’n benarde finansiële posisie. Verder word studente wat in die ‘’vermiste middel” val – diegene wat te arm is om hul studies te befonds maar steeds nie vir die NSFAS kwalifiseer nie – ook aan honger en voedselonsekerheid blootgestel.

Om honger en voedselonseker te wees, stel ons studente bloot aan die risiko van wanvoeding, wat tot ondervoeding, mikronutriënttekorte en oorvoeding kan lei, en dít maak hulle weer ’n groter risiko vir toestande soos diabetes, vetsug, hartsiektes en selfs sommige kankers. Honger is ook ’n groot bydraende faktor tot uitvalsyfers en swak akademiese prestasie onder universiteitstudente, ingesluit Universiteit Stellenbosch-studente. Daarom moet ons as universiteit die nodige ondersteuningstrukture voorsien om te verseker dat nie een van ons studente op universiteit sukkel weens honger of ’n gebrek aan heilsame voedsel nie.

#Move4Food: Die aanpak van voedselonsekerheid by die US

Gegewe 'n groter bewustheid van die behoefte aan voedselsteun onder ons studentebevolking het ons in 2018 ons #Move4Food-veldtog van stapel gestuur. Alhoewel dit aanvanklik veronderstel was om vir drie jaar te duur het ons vanweë 'n volgehoue behoefte aan voedselsteun deur ons studente met die inisiatief voortgegaan. Die doel van #Move4Food is om basiese steun aan voedselonseker studente te bied en hul voortgesette akademiese sukses te verseker. In wese sien ons #Move4Food as 'n sosiale geregtigheidsreaksie wat ons studente se waardigheid verseker en hulle akademiese sukses help bevorder.

Sedert die bekendstelling van #Move4Food het die projek 'n noemenswaardige bydrae gelewer deur 'n veiligheidsnet te skep vir studente uit 'n laehulpbron-agtergrond wat die grootste risiko loop om honger te ly. Sedert 2018 bring die inisiatief ons studentegemeenskap en ons personeel, alumni en skenkers byeen om hierdie algemene maatskaplike kwessie aan te pak.

#Move4Food bevorder die deelname van Universiteit Stellenbosch-studente, personeel, alumni, en vriende aan sportbyeenkomste om fondse in te samel vir die aanpak van studentehonger.

Die bewusmaking wat deur hierdie veldtog geskep word, dra veel daartoe by om die stigma te verwyder wat geassosieer word met nie genoeg hê nie en om 'n veilige ruimte te skep waarin studente na vore kan kom om hulp te vra.

#Move4Food is maar een van vele kanale wat ons gebruik om ons studente te ondersteun wat voedselsteun benodig. Die Universiteit se Sentrum vir Studentevoorligting en ontwikkeling (SSVO) werk saam met ander steundienste op kampus om die voedselonsekerheidskwessie by die US aan te spreek. Met inisiatiewe soos die Tygerberg Food Pantry-projek by ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, supermarkkosbewyse, en etes by koshuise wat deur voedselspysenieringsmaatskappye geborg word, pak ons gesamentlik die kwessie van honger onder ons studente aan.

Een student wat op ons kampus honger ly, is een te veel.

#Move4Food: Ons fondsinsamelingspogings

Sedert die bekendstelling van #Move4Food in 2018 het ons 'n magdom opwindende geleenthede en aktiwiteite aangebied wat ons personeel, studente, alumni, en ons vriende bymekaar gebring het; almal het met groot ywer saamgewerk aan die gemeenskaplike oogmerk om studentehonger op ons kampusse te beëindig.

Hierdie aktiwiteite sluit in 'n span studente van ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe wat 'n fondsinsamelingfietsrit van die Namibië-Suid-Afrika-grens na Kaap Agulhas onderneem het – 'n tog van 902 km! Verder het 'n groep Maties-ruiterklublede op hul perde deur die dorp Stellenbosch gery om bewusmaking oor die veldtog te kweek. Hul ekovriendelike ondernemings sluit in die kweek van groente wat hulle bemes deur perdgeproduseerde kunsmis te gebruik.

Twee staatmakers van #Move4Food, die personeellede Robert van Staden en Francois Swart, het geld ingesamel vir #Move4Food deur aan die uitmergelende Cape Epicuitdagingsfietsrit deel te neem. Hulle het in 2019 die eerste maal aan die wedren deelgeneem. In 2020 het hulle weer voorberei om aan die fietsren deel te neem, maar die pandemie het daardie planne gekelder. Hulle kon nietemin in 2020 'n bedrag van R39 050 insamel. En toe die lewe na 'n meer normale toestand teruggekeer, kon Robert en Francois weer in Maart 2022 die Cape Epic aanpak en R59 000 vir #Move4Food insamel.

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se Dr Shaundré Jacobs en die Matie deelnemers nadat hulle die 13 Peaks Challenge voltooi het.

#Move4Food:
Ons fondsinsamelingsaktiwiteite: 2021/2022

Ons rektor, Wim de Villiers, saam alumni wat aan die 2022 Kaapstad-fietstoer deelgeneem het.

5 alumni skryf in vir die 2021 virtuele Comrades Marathon om fondse vir #Move4Food in te samel

31 alumni neem aan die Kaapstad-fietstoer deel en samel R44 350 in ter ondersteuning van #Move4Food

R59 000

word ingesamel deur twee van ons personeellede, Francois Swart en Robert van Staden, wat die uitmergelende Absa Cape Epic van SomersetWes na die Paarl aanpak ter ondersteuning van #Move4Food

Maties-alumna, Petro Mostert, en haar fietsrymaat, Vibeke Moore, onderneem die Joburg2Cbergfietsavontuur van 990 km en 9 dae, vanaf 22 tot 30 April 2022, en van Heidelberg tot op Scottburgh aan die Suidkus van KwaZuluNatal, en samel daardeur R2 500 vir #Move4Food in

Ons maak 'n verskil: #Move4Food

As 'n noodfonds stel #Move4Food ons maatskaplike werkers in staat om 'n geëvalueerde student van onmiddellike hulp te voorsien tot 'n maksimum van R1 500 per student per jaar. In 2021 is kontanttoelaes van tussen R500 en R900 per persoon toegeken op grond van hul behoeftigheid nadat evaluerings gedoen is. Sommige studente is meer as een keer in die jaar bygestaan. Altesaam het ons R261 250 se #Move4Food-toelaes in 2021 onder 223 studente uitgedeel om te verseker dat hulle toegang tot voedsel het.

Benewens die fondse wat via #Move4Food uitbetaal is, is studente met kospakkies, kosbewyse en geborgde etes bygestaan. Studente van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het ook gebaat by die Fakulteit se nagraadse Studenteraad-kruidenierswarebewyse.

Met die volgehoue en ruimhartige ondersteuning van ons skenkers, het die #Move4Food-inisiatief sedert 2018 meer as R2 miljoen ingesamel. Gedurende die tydperk April 2021 tot einde April 2022 het u skenkingsbydrae tot hierdie uiters belangrike inisiatief op R660 812,94 te staan gekom.

Skenkingsplatform	Getal donasies	Totale bedrag tot dusver
Give and Gain	65	R 35 027.92
EFOskenkings	127	R590 605.02
Debietorders en personeel se aftrekorders	69	R 23 000.00
Aanlyn skenkings	5	R 12 180.00
Totaal		R 660 812.94



U ruimhartigheid in getalle

R2 018 007.50

is sedert 2018 ingesamel

R660 812.94

is tussen April 2021 en April 2022 ingesamel

223

studente is in 2021 deur #Move4Food-fondse met maaltydhulp ten bedrae van R261 250 bygestaan

141

studente is in die eerste kwartaal van 2022 met #Move4Foodtoelaes bygestaan

120 & 103

voorgraadse studente en 103 nagraadse studente is in 2021 met #Move4Food-fondse bygestaan

40

vrywilligers het in 2021 en in die eerste kwartaal van 2022 aan #Move4Food-geleenthede deelgeneem

Maak 'n verskil, ondersteun #Move4Food!

Ons wil verseker dat elkeen van ons studente die beste geleentheid op sukses het, en dat honger nie vir hulle 'n struikelblok is nie. As sodanig gaan #Move4Food daaroor om 'n omgee-gemeenskap te skep wat na die behoeftes van ons studentebevolking omsien. Ons fondsinsamelingspogings is toegespits op die bou van 'n volhoubare befondsingsbron om voedselonsekerheid by ons Universiteit te help bekamp. Met die verwoestende uitwerking van Covid-19 op ons lewensbestaan en die gevolge daarvan vir ons studentegemeenskap, werk ons voortdurend daaraan om volhoubare oplossings te vind om te verseker dat ons studente hul volle potensiaal kan bereik. Sedert die ontstaan daarvan het die #Move4Food-inisiatief bygedra tot die skep van 'n finansiële veiligheidsnet vir studente wat die risiko loop om honger te ly. Soos ons vorentoe kyk, wil ons voortgaan om volhoubare oplossings bekend te stel om voedselsekerheid vir al ons studente te verseker sodat huidige en toekomstige geslagte Maties kan floreer. U kan ons op die volgende maniere help om dit te bereik:

Skenk aan #Move4Food

VIr meer inligting oor hoe u kan bydra, besoek:: **http://www.sun.ac.za/english/donors/ways-to-give**

Fondsinsameling vir #Move4Food

U kan ook die saak ondersteun deur aan een van ons portuurtotportuuraktiwiteite deel te neem. Deur deel te neem aan 'n sportaktiwiteit wat by u belangstellings pas, kan u help om fondse vir #Move4Food in te samel.

Hoe word u skenking hanteer?

Fondse wat vir #Move4Food ingesamel word, word aan 'n aangewese rekening toegewys.

Fondse word op 'n gevaltotgevalgrondslag ingevolge voorafbepaalde riglyne uitbetaal en dieselfde noulettendheidsprosedures word gevolg as wat deur die Universiteit Stellenbosch se Finansiële Beleid en Noodfondskriteria voorgeskryf word.

Studente wat voedselonseker is, word deur die maatskaplike werkers by die Universiteit se Sentrum vir Studentevoorligting en ontwikkeling geëvalueer.

Fondse word aan kwalifiserende studente uitbetaal uit die #Move4Food-rekening wat deur die Universiteit se Afdelings Beurse en Lenings geadministreer word.

Vir inligting oor #Move4Food se portuurtotportuuraktiwiteite of om uit te vind hoe u 'n verskil in die lewe van ons studente kan maak, tree met Siya Ndlovu by ndlovus@sun.ac.za in verbinding.

Netwerk met ons by:

www.matiesalumni.com
www.matiesconnect.com

Volg die #Move4Food-veldtog op sosiale media via Facebook, LinkedIn, Instagram en Twitter.

Stellenbosch Alumni

@MatiesAlumni

@SU_Alumni

MATIES ALUMNI